# HOOFSTUK 10

# DIE RESIDENSIËLE ASPEK VAN SKOLE VIR BLINDES

## 10.1 INLEIDING

Waar dit in die RSA, soos in die oorgrote meerderheid oorsese lande, die praktyk is om blinde leerlinge in residensiële skole vir blindes saam te trek, sal die residensiële aspek van skole vir blindes in die onderhawige hoofstuk bespreek word. In die eerste plek sal die problematiek van die residensiële skool as plaasvervanger van die ouerhuis belig word. Vervolgens sal die situasie ten aansien van residensiële skole vir blindes in die RSA en enkele oorsese lande bespreek word. Onder andere sal die taak van koshuispersoneel en die skakeling tussen ouers en hul kinders aan die orde gestel word.

## 10.2 DIE PROBLEMATIEK VAN RESIDENSIËLE SKOLE

### 10.2.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

Die stukrag agter die daarstelling van residensiële skole, ook dié vir blinde kinders, was nie bloot pedagogies begrond nie, maar 'n verskeidenheid van faktore (waaronder ook praktiese oorweginge) is in aanmerking geneem. Die koshuis as opvoedingsmilieu is deur die onderwysowerhede daargestel en is as sodanig geen natuurlike opvoedingsmilieu nie. 'n Hoof van 'n skool vir blindes in Engeland se getuienis voor die Vernonkomitee (1972) insake residensiële skole was soos volg: " ... *the atmosphere of a boarding school is an artificial one and can never achieve the normality of a home background*" (p. 35). By 'n besinning oor die pedagogies verantwoordbaarheid en die opvoedingstaak van die residensiële skool moet daar dan na die gesinsituasie as oorspronklike opvoedingsituasie teruggegaan word.

### 10.2.2 DIE GESINSITUASIE

Die ouer-kindverhouding is die oorspronklike opvoedingsverhouding in die intieme ruimte van die tuiste. Oor die besondere saamwees van mense in die huis as tuiste skryf Perguin (1956) soos volg: *"Het kind heeft een vaste ruimte nodig, die de zijne is en die het als de zijne ervaart, waarin het zich zelf kan zijn en waarin het zich vrij en zorgeloos kan bewegen. Het kind heeft nodig, dat het op zijn ontdekkingstochten liefdevol geleid wordt, altijd weer opnieuw vragen kan en antwoordt krijgt. .... Om zich psychisch gaaf te kunnen ontwikkelen, heeft het kind behoefte aan die liefde=volle, zorgende instelling der ouders, die zich in concrete daden en tastbare gegevens uit"* (pp. 214-215). Die kind weet dat hy "behoort", want hy beleef die sekerheid dat sy ouers hom liefhet en aanvaar soos hy is, al het hy ook 'n gebrek.

Die gegewe plek vir die kind om te ontplooi, normerend gerig te word en gemoedsrus te beleef, is dus die ouerhuis. Dáár is spon=tane en verinnigde omgang tussen ouers en kind waar die ken-, ver=trouens- en gesagverhoudings verwerklik word en opvoeding plaas=vind. Waar die kind noodwendig die grootste gedeelte van sy skool=jare in 'n koshuis moet deurbring, is dit die verantwoordelikheid van die personeel om tot groot hoogte die huislike opvoedingstaak oor te neem.

### 10.2.3 LEEMTES VAN DIE KOSHUIS AS OPVOEDINGSMILIEU

Die koshuis as daargestelde opvoedingsmilieu gee blyke van die volgende leemtes:

#### 10.2.3.1 'n Gebrek aan intimiteit en vanselfsprekendheid

Bonekamp (1962) wys daarop dat indien die oorspronklike relasie tussen ouer en kind verbreek word, die kind sy bestaansfondament verloor. Hy skryf dat "gedwonge" opvoeding buite die huiskring

'n gemis het aan vanselfsprekendheid en intimiteit en dat 'n po= ging tot nabootsing van verhoudinge soos dit in die huisgesin vol= trek word, oneerlik is (p. 256). Die "gedwonge" aard van die opvoedingsituasie aan residensiële skole vir blindes word soos volg deur Ohlsen (1971) beskryf: *" ... residential schools are run with a tight rein on control and conformity"* (p. 60). Laas= tens wys Van Weelden (1961) soos volg op die vanselfsprekendheid van die opvoedingsituasie in die huiskring en die belewing van psigologiese sekuriteit: *"Het kind, dat uit het gezin word weggehaald en in een instituut word gebracht, verliest zijn 'Heimat'. In de Heimat, in het gezin ontstaat een nietintentionele houding, hier groeit de blijheid: het zich geborgen weten"* (p. 164).

### 10.2.3.2 Die opsegbaarheid van die relasie tussen kind en koshuisouers

Die situasie dat 'n sekere "plaasvervangende ouer" na die welsyn van 'n sekere kind omsien, is van verbygaande aard, aangesien die verhouding tussen hulle nie gegroei het uit 'n outentieke verbon= denheid nie. Die onvervreembare opvoedingsverantwoordelikheid is steeds die ouers s'n wat by die Doop beloof het "om hierdie kind (as hy tot sy verstand gekom het) in die Christelike leer te on= derrig en te laat onderrig". Daarenteen is die opvoedende bydrae van koshuisouers van tydelike en opsegbare aard.

### 10.2.3.3 Die probleem van 'n kunsmatige moederfiguur

Die kind het by die ouerhuis 'n geheel persoonlike en op hom al= leen ingestelde moederfiguur, terwyl daar in die koshuis 'n huis= moeder is wat vir 'n groep kinders opvoedingsverantwoordelikheid dra. In 'n koshuis van 'n skool vir blindes is hulle saamgegroe= peer omdat hulle blind is en moontlik omdat hulle ongeveer van

dieselfde ouderdom is. Die egte, persoonlike moeder-kindverhou= ding, wat in die geval van die blinde kind van besondere belang is, ontbreek egter. Daar kan dus (in die geval van die huismoe= der) gepraat word van 'n poging tot nabootsing van die moederfi= guur.

#### 10.2.3.4 Gebrek aan identifisering deur persoonlike besitname

'n Verdere gemis in die koshuissituasie is die probleem van die kind om te kan beleef dat hy "behoort", en dat dinge aan hom be= hoort. Die bed, die kos, die stoel, ensovoorts was eers iemand anders s'n en word later ook weer 'n ander s'n. Daar is nie werklik sprake van 'n *eie persoonlike ruimte* waar die kind onge= hinderd met sy eie dinge kan besig wees nie. Daar is altyd die moontlikheid van die onwelkome en onverhoedbare indringing van 'n ander (Kapp, 1970, pp. 92-93). In die ouerhuis beleef die kind die huislike ruimte as syne. Hy het 'n kamer wat aan hom behoort waar hy sy eie wêreld kan "maak".

### 10.2.4 VOORVEREISTES VIR DIE KOSHUISSITUASIE AS OPVOEDINGSMILIEU

#### 10.2.4.1 Die erkenning van die koshuisganger as kind-van-'n-ouer

Waar die kind na 'n koshuis oorgeplaas word, moet erkenning daar= aan gegee word dat alhoewel die koshuisouers "ouers" vir die kind moet wees, langdurige skeiding veral gevoelsmatige verwydering tussen ouers en hul kinders kan meebring. Die pedagogiese klimaat in die ouerhuis wat deur wedersydse begrip, algehele aanvaarding en liefdevolle gesag gekenmerk word, kan versteur en selfs ge= dwonge word, veral as daar 'n geestelike verwydering tussen ouer en kind, en 'n vervlakking in die ouer-kindverhouding kom.

Dit is dus tot die beswil van die kind dat die koshuispersoneel hulle self nie soseer as plaasvervangers nie, maar wel as vennote in die opvoedingstaak sal sien. Sodanige benadering impliseer dat die personeel sal poog om die vertrouensband tussen kinders en ouers heg te hou. Dit is daarom die verantwoordelikheid van die personeel om die kinders vanuit die koshuis positief op hul ouerhuise te rig, hulle aan te moedig om hul ouerhuise so dikwels as moontlik te besoek en sodoende die oorspronklike opvoedings=verantwoordelikheid van ouers te erken. Die oplossing vir peda=gogies onverantwoordbare optrede deur die ouers lê dus in die eerste plek nie in die verwydering tussen ouers en kind nie, maar wel in die hulp aan ouers om korrek op te tree. Sodanige voorlig=ting sal ook die onontbeerlike konsekwentheid in die opvoedings=handeling tussen skool en ouerhuis bevorder.

Lowenfeld (1967a) noem dat die meeste skole vir blinde kinders in die Verenigde State van Amerika tans groter klem daarop plaas dat blinde kinders soveel as moontlik met hul gesinne in aanraking gebring moet word. Dit word moontlik gemaak deur blinde kinders òf as dagskoliere op te neem, òf hulle soveel naweke as moontlik by hul gesinne te laat deurbring (p. 202). Voor die Komitee van Ondersoek na die Onderwys van Gesigsgestremdes in Engeland (1972) is getuig dat voldoende skakeling tussen ouers en kind, die kind die geleentheid bied om lid van die gesin te bly (p. 34).

### 10.2.4.2 Die aanvaarding van die gesag van koshuisouers

Dit is essensieel vir die opvoedingsgebeure dat die gesag van die koshuisouers aanvaar sal word. Slegs dan sal die kind die beperkinge van sy "vryheid" as vryheid tot verantwoordelikheid, wat opvoeding noodwendig impliseer, aanvaar. Indien gesag outo=ritêr is, sal alle opvoeding misluk. Sonder 'n affektiewe band en 'n samehorigheidsgevoel tussen opvoeder en kind sal die kind

nooit die opvoeder se gesag aanvaar nie. Die opvoeder mag dus nie slegs as maghebber optree nie (Kapp, 1970, pp. 94-95). Die kind as persoon moet erken en eerbiedig word, en sy menswaardigheid moet nie gekwets word nie. Gesagsaanvaarding gaan met wedersydse respek en liefde gepaard.

### 10.2.4.3 Gedifferensieerde opvoedingshandeling in die lig van kennis van elke blinde kind

Om te kan opvoed impliseer kennis van die opvoedeling. Die kos=huisouer mag nooit veralgemeen nie, en gedifferensieerde opvoe=delingshandeling - nie gedifferensieerde opvoedingsdoelstellings nie - kan slegs geskied indien persoonlike kennis van elke indi=widuele kind gedra word. Die blinde kind stel addisionele eise aan die opvoeder, aangesien hy gekonfronteer bly met die beper=kinge wat blindheid op hom lê. Waar die blinde kind in 'n beson=dere mate behoefte het aan gevoelsekuriteit, is hy ook in 'n be=sondere mate affektief kwesbaar. Daarom sal die blinde kind hom daarvan weerhou om homself aan 'n ander te openbaar indien hy nie waarlik vertroue in die ander het nie. Sodanige vertroue kan slegs op wedersydse begrip, wat kennis van mekaar veronderstel, gebou word. Koshuisouers moet dus kennis dra van die huislike en familie-agtergrond, die moontlikhede en beperkthede van elke indiwiduele kind, asook van die situasie en problematiek van die blinde kind in die algemeen (kyk 2.3.2 en 2.3.4).

### 10.2.4.4 Geleentheid vir opvoeding deur identifikasie

Die vormende waarde van opvoeding deur identifikasie word aller=weë as van die grootste betekenis beskou. Die "voorbeeld" van die identifikasiefiguur, dit wil sê die voorleef van die waardes en norme deur die opvoeder en die nalewing daarvan deur die kind, word voltrek. Van Weelden (1961) skryf soos volg: *"De normativi=*

*teit wordt in het internaat al te makkelijk veruitwendigd door algemene regels; in plaats van het opnieuw levend maken van de norm in elk individueel geval is er een gelijkschakeling"* (p. 167). Sodoende ontaard opvoeding in die afdwinging van uiterlike dissipline en gewetensvorming kom nie tot sy reg nie.

Sowel die vader as die moeder as identifikasiefiguur het 'n beson= dere rol om te vervul. Sonnekus (1968) noem dat die rol van die vader as primêre gesagsopvoeder, maar ook die seun se affektiewe verhouding tot die vader, deurslaggewend is. Die afwesigheid van 'n vader het ernstige gevolge vir die seun omdat dit meestal lei tot 'n afwysing van die leeropgaaf. Die dogter beleef by die vader veiligheid en hy is vir haar die draer van norme en waardes, wat sy mettertyd vir haarself toe-eien. Sy laat haar daardeur in haar keuses en beslissings lei (pp. 118-119). Ausubel (1954) noem dat dit belangrik is dat die vader (veral in die puberteitsjare) sal toon dat hy in sy dogter as 'n "vrou" belangstel, aangesien die normale segregasie van seuns en dogters hulle nie altyd in die geleentheid stel om mekaar te leer waardeer nie. Hy verwys in hierdie verband soos volg na die woorde van Frank: *"A girl needs her father's overt approval and outspoken admiration of herself as a young woman to help her to clarify and accept the feminine role"* (p. 143). Die dogter in die puberteit is ook besonder sterk aangewys op die steungewing van die moeder. Sonnekus (1968) noem dat dit vir die dogter in besonder gaan om 'n belewing van haar= self as nuwe liggaamlikheid, nou belewe as vroulikheid wat sy moet aanvaar. 'n Gesonde affektiewe verhouding tot die moeder en sta= biele steungewing van die kant van die moeder as identifikasiefi= guur, is van groot belang (p. 119).

Uit bostaande blyk dan dat dit aktueel is dat sowel mans- as damespersoneel opvoedingsverantwoordelikheid in die koshuis moet aanvaar. Aangesien personeel egter gedurig wissel en kinders van

een koshuis na 'n ander oorgeplaas word, word die opvoedingsver=houding tussen kind en volwassene in die koshuis versteur en word opvoeding deur identifikasie bemoeilik.

### 10.2.4.5 Die algehele aanvaarding van die kind deur koshuisouers en sy behoefte aan "ouerlike" goedkeuring

Dit is van die grootste belang dat die kind - met sy moontlikhede en veral met sy beperkthede - deur die koshuisouers aanvaar sal word (kyk 2.3.8). Aangesien die "plaasvervangende ouer" nie die werklike ouer van die kind is nie, kan dit gebeur dat die verwag=ting wat deur die "plaasvervangende ouer" van die kind gekoester word, die algehele aanvaarding van die kind sal verdring. Kapp (1970) noem dat in die koshuis die opvoeder primêr daarop ingestel is om die kind so gou doenlik vanuit die sfeer van versorging na selfstandigheid en doelmatige inskakeling by die groep te bring. 'n Oorbeklemtoning van die oproep tot *anderswording* kan daartoe lei dat die toekoms sy aanloklikheid verloor en die appèl as provokasie beleef word (p. 91). Onrealistiese verwagtinge wat van die kind gekoester word, ondermyn die waardering vir dit wat die kind is en kan. Ouerlike goedkeuring motiveer hom in sy strewe na voldoening aan die norm en na betere prestasies. Die kind wat bloot as vanselfsprekend ("for granted") aanvaar word, het 'n gemis aan dit wat hy die hoogste aanslaan - ouerlike goedkeuring - en sien later nie meer die doel van te strewe nie (Ausubel, 1954, p. 241). Ook in die koshuissituasie moet waardering vir die kind sy regmatige plek inneem en moet verwagting deur liefde, begrip en algehele aanvaarding getemper word.

### 10.2.4.6 Die noodsaaklikheid van klein koshuiseenhede

Indien opvoeding in die koshuis tot sy reg moet kom, moet 'n

pedagogiese situasie soos in die gesin nagestreef word (kyk 10.2.2). Dit is slegs moontlik indien persoonlike skakeling en ontmoeting met elke kind moontlik gemaak kan word en dit vereis dat koshuisouers of opvoeders vir 'n redelike klein groepie kin= ders opvoedingsverantwoordelikheid moet aanvaar. Na die opvoe= dingsbehoeftes van elke kind moet omgesien kan word; die koshuis is sy tuiste weg van sy ouerhuis. Heslinga (1967) beklemtoon die noodsaaklikheid dat jong blinde kinders in klein groepies saamge= trek moet word, want slegs dan kan 'n intieme, huislike klimaat bestendig word en die nodige indiwidualisering plaasvind. Hy noem verder dat 'n verdeling in klein groepies 'n nouer verbonden= heid tussen die kinders bewerkstellig en hul samesyn sodanig ver= innig word dat hulle meer van mekaar sal leer en vir mekaar sal beteken (p. 111).

### 10.2.4.7 Die teenkamping van die moontlikheid van isolement

In 'n koshuis vir blinde kinders moet gewaak word teen die wesen= like gevaar van isolement. Die blinde kind word deels aan die koshuis toevertrou ten einde te verhoed dat oormatige eise aan= vanklik aan hom gestel sal word. Daar word van die veronderstel= ling uitgegaan dat dit aanvanklik beter is om die blinde kind vir inskakeling in die siende gemeenskap voor te berei sonder om hom oormatig daaraan bloot te stel (Lowenfeld, 1974, p. 18). Isola= sie kan egter daartoe lei dat die kind vervreem word van die lewenswerklikheid waarop hy voorberei moet word. Die hoof van die Henshaws' School for the Blind in Engeland het hom soos volg uitgelaat (1972) oor die feit dat blinde kinders soms hul hele skoolloopbaan aan dieselfde residensiële skool vir blindes ver= bonde bly: " ... *eleven years on the same campus is too long for a blind child in a residential environment and makes too severe*

*a break when the time comes to move on to the next stage of training"* (Great Britain, 1972, p. 50).

Koshuisaktiwiteite moet beplan word met die oog op suksesvolle integrasie in 'n gemeenskap van siendes.* Lowenfeld (1956) be= klemtoon die integrasiegedagte soos volg: *"Integration of the blind individual into society as a fully responsible and contribu= ting citizen is the aim of schooling. Therefore, separation in residential schools, if necessary, should be considered as a means of achieving this end which must be kept in mind conti= nuously"* (p. 142).

### 10.2.5 SLOTOPMERKING

Uit die voorafgaande blyk die beperkinge van die koshuissituasie as opvoedingsmilieu, asook die vereistes waaraan die koshuis as instansie met opvoedingsverantwoordelikheid moet probeer voldoen. Die situasie aan residensiële skole vir blindes sal vervolgens teen hierdie agtergrond belig word.

## 10.3 DIE SITUASIE AAN RESIDENSIËLE SKOLE VIR BLINDES IN DIE RSA

### 10.3.1 DIE VERDELING VAN LEERLINGE IN KOSHUISE

In September 1974 was 209 van die 241 blinde en swaksiende leer= linge aan die Skool vir Blindes te Worcester in die koshuis ge= huisves. Daar was dus slegs 32 (13,3%) dagskoliere van wie die meerderheid se ouers in Worcester woonagtig was. Tans is daar nege koshuise waarby 'n afsonderlike koshuis vir swaksiende pri= mêre skoolleerlinge en die eenheid vir doofblindes inbegrepe is.

---

*Die aspek van die sosiale inskakeling van die blinde in 'n siende gemeenskap word in paragraaf 11.5 breedvoeriger bespreek.

TABEL 10.1*

DIE VERDELING VAN RESIDENSIËLE LEERLINGE AAN DIE SKOOL VIR BLINDES TE WORCESTER IN DIE NEGE VERSKILLENDE KOSHUISE SOOS IN SEPTEMBER 1974

| Naam van koshuis | Seuns (S) of Meisies (M) | Skolastiese peil van leerlinge | Aantal leerlinge per koshuis | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | Blindes | Swak=siendes | Totaal |
| Huis Murray | S | Voorbereidende klas - St. 1 | 11 | 4 | 15 |
| Hostel vir Swaksiendes | S | St. 1 - St. 6 | - | 20 | 20 |
| Huis Rabie | S | St. 2 - St. 5 | 29 | 4 | 33 |
| Huis Verster | S | St. 5 - St. 8 | 17 | 14 | 31 |
| Huis Kruger | S | St. 8 - St. 10<br>Vak- en Beroepsopleiding | 12 | 18 | 30 |
| Huis Malan | M | Voorbereidende klas - St. 3 | 15 | 5 | 20 |
| Huis Schoeman | M | St. 4 - St. 6 | 20 | 9 | 29 |
| Huis Besselaar | M | St. 6 - St. 10<br>Vak- en Beroepsopleiding | 13 | 9 | 22 |
| Huis Katie van Rensburg | S & M | Doofblindes | - | - | 9 |
| Groottotaal | | | 117 | 83 | 209 |

*Gegewens verkry uit vraelys (kyk bylae A, v. 1.10).

In tabel 10.1 word 'n uiteensetting gegee van die verdeling van blinde, swaksiende en doofblinde kinders in die 9 verskillende koshuise.

Afgesien van die "Hostel vir Swaksiendes" word blinde en swaksien=de leerlinge in dieselfde koshuise gehuisves.* Blinde en swaksien=de leerlinge in Hulpklasse en in die Vakafdeling wat in 'n mindere of meerdere mate verstandelik vertraagd is, word saam met leer=linge wat hulle in die gewone primêre of sekondêre klasse bevind, gehuisves. Die aantal leerlinge per koshuis waarin blinde en swaksiende leerlinge tuisgaan, wissel tussen 15 en 33. Die skool volg reeds jare lank 'n beleid van desentralisasie van koshuise ten einde kleiner huisgroepe en 'n groter mate van huislikheid en persoonlike skakeling met kinders te verseker. Huis Murray en Huis Malan, die twee koshuise vir die kleiner kinders, huisves slegs 15 seuns en 20 meisies respektiewelik, aangesien hierdie kinders nog meer persoonlike aandag verg en meer hulp vereis as die groteres. In twee van die ouer koshuise is daar slaapsale wat elk ses of agt kinders kan huisves. In die nuwere koshuise is daar kamers vir twee, drie en vier kinders.

Aan die Prinshofskool was 18 persent van die blinde leerlinge ge=durende die jare 1966 tot 1969 dagskoliere. Die koshuis waarin die meeste blinde leerlinge gehuisves word, is die Kleinkinder=eenheid waarin daar vir blinde en swaksiende leerlinge tot onge=veer graad 2-vlak akkommodasie verskaf word. Ongeveer 30 kinders word in hierdie koshuis gehuisves en alhoewel hulle volgens ge=slag gegroepeer is, is daar nie 'n verdeling tussen swaksiende en blinde kinders nie.

---

*Die problematiek van die saamgroepering van blinde en swaksien=de kinders word ook in paragraaf 10.4.2 bespreek.

Die Komitee van Ondersoek na die Uitbreiding van Onderwysgeriewe vir Blanke Blindes (1970b) het op sowel nadele as voordele van die saamgroepering van blinde en swaksiende kinders in dieselfde koshuis gewys. Onder andere is genoem dat die blinde kind te af= hanklik word van hulp van die kant van sy swaksiende maats; asook dat die betrokke koshuispersoneel ten aansien van hul opvoedings= taak beswaarlik aan blinde en swaksiende kinders reg kan laat ge= skied. Wat betref sekere voordele van saamgroepering, is genoem dat die blinde kleuter heelwat hulpverlening in die koshuis ver= eis wat deur swaksiende maats verskaf kan word. Ook is genoem dat die samesyn van blindes en swaksiendes belangrike voordele met betrekking tot inskakeling in die gemeenskap vir die blinde kind inhou, aangesien hy leer om met persone wat kan sien, saam te leef (p. 72).

### 10.3.2 DIE VOORSIENING EN OPLEIDING VAN KOSHUISPERSONEEL

Die beleid van klein koshuiseenhede impliseer ruim personeelvoor= siening. Voldoende koshuispersoneel blyk reeds etlike jare aan die Skool vir Blindes 'n probleem te wees. Daar word getrag om in elke koshuis 'n senior huismoeder en twee huismoeders·aan te stel. Afgesien van die koshuispersoneeltoekenning deur die De= partement van Nasionale Opvoeding, het die Bestuur (kerklike be= heerliggaam) van die Skool vir Blindes etlike huismoederposte ge= finansier. Verder word daar in die koshuise ruim van diensdoende onderwyspersoneel gebruik gemaak.

Aan die Skool vir Blindes word getrag om so ver moontlik egpare as huisouers aan te stel, veral waar die man 'n personeellid van die skool is. Geskikte persone kan egter nie altyd bekom word nie en die akkommodasie in sommige koshuise maak nie vir die huis= vesting van 'n egpaar voorsiening nie. In die koshuise vir senior seuns word wel ook huisvaders aangestel, veral omdat dissipline

dit noodsaak. Aan die Prinshofskool is 'n huismoederpersoneel van drie vir die Kleinkindereenheid verantwoordelik. Aan hierdie skool is dit nie beleid om die eggenotes van onderwyser- koshuis= vaders as huismoeders aan te stel nie.

Om geskikte huismoeders te kry, is 'n aktuele probleem en dit ge= beur dat huismoeders wat slegs oor 'n standerd 8-, of selfs 'n standerd 6-sertifikaat beskik, soms aangestel moet word. Die neerlegging van spesifieke opleidingsvereistes word nie as wenslik beskou nie, aangesien dit soms wel gebeur dat persone sonder noemenswaardige opleiding of ervaring die pos van huismoeder uit= stekend vul (kyk bylae A, v. 3.1(c), 3.2 en 3.16).

Tans bied die Witwatersrandse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys (1973) 'n tweejarige Kursus in Kinderversorging aan wat ook deur middel van korrespondensie gevolg kan word. Aan sukses= volle kandidate word die Nasionale Sertifikaat in Kinderversorging aan Inrigtings uitgereik. Gedurende die eerste jaar word drie vakke, naamlik Ontspanning en Vryetydsbenutting, Kinderstudie en Maatskaplike Sorg aangebied. In die tweede jaar word vyf vakke aangebied, naamlik Inrigtingbestuur, Godsdiens en Kulturele Opvoe= ding, Hostelbestuur (eksamenvak vir dames), Gesondheidsopvoe= ding, Burgerleer en Toesigdiens (eksamenvak vir mans) (p. 1). Aan die Prinshofskool is verskeie van die huismoederpersoneel vir hierdie kursus ingeskryf, of het dit reeds deurloop.

In 'n poging om die probleem van onopgeleide huismoeders te bowe te kom, het die Komitee van Ondersoek na die Uitbreiding van Onderwysgeriewe vir Blanke Blindes in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika (1970b) aanbeveel dat by nuwe aanstellings van huismoeder= personeel, suksesvolle kandidate verplig word om genoemde Kursus in Kinderversorging te deurloop, en dat die verwerwing van die betrokke diploma met 'n salarisverhoging erken sal word (p. 128). Die deurloping van hierdie kursus dra baie daartoe by om huismoe=

ders beter te laat inskakel by die werksaamhede van die skool as onderwys- en opvoedingsinrigting, veral omdat hul opvoedingstaak sterker beklemtoon word en hulle nie meer as lekepersoneel be=stempel kan word nie. Daar moet egter op gewys word dat hoewel hierdie kursus huismoeders gewis beter vir hul taak voorberei, hierdie kursus op die opvoeding en versorging van siende kinders gerig is en die spesifieke situasie van die blinde koshuisganger nie uitgelig word nie.

### 10.3.3 DIE TAAK VAN KOSHUISPERSONEEL

Die taak van die koshuispersoneel is verantwoordelik en veelei=send en impliseer nie slegs versorging nie, maar ook 'n opvoedings- en onderrigtaak. Waar heelwat blinde kinders vir 10 jaar en langer aan die Skool vir Blindes vertoef, en wel vir ongeveer 9 uit die 12 maande van die jaar, is die skool dus inderdaad vir hierdie kinders 'n "tuiste". Die personeel beskou dit dan ook as hul verantwoordelikheid om in 'n groot mate die opvoedingstaak van die ouers oor te neem.

In die koshuise waar die kleiner kinders gehuisves word, sluit die pligte van die koshuispersoneel die volgende in: Verlening van persoonlike hulp met aantrek, uittrek, bad, eet, mobiliteit, vryetydsbesteding en toiletgebruike. 'n Belangrike aspek van die taak van koshuispersoneel is om die blinde kind voor te berei vir 'n selfstandige en selfversorgende bestaanswyse in 'n wêreld van siendes. Daar word ook gewaak teen die neiging tot oorbeskerming. Hulle leer eenvoudige daaglikse take soos skoene skoonmaak, die klerekas regpak, bedopmaak, tafeldek en -afdek, asook skottelgoed=opwas en -afdroog. Klem word gelê op alle aspekte van selfstan=digheid en wellewendheid, netheid in die kamer, persoonlike voor=koms en higiëne, asook op sosiale etiket aan tafel, in die sit=kamer en in formele en informele geselskap (Suid-Afrika, 1970b,

p. 46-47). Spanwerk en dialoog tussen onderwys- en koshuisper= soneel en die konsekwente voortsetting van die opvoedingstaak in die koshuise word aan biede die Skool vir Blindes en die Prinshof= skool as baie belangrik beskou.

Uit die verkenningsbesoeke aan die twee skole het geblyk dat daar 'n intieme verhouding tussen die personeel en die kinders bestaan en wel in so 'n mate dat van die kinders met hul mees persoonlike probleme na die personeel om hulp gaan. Daar is dus inderdaad van 'n pedagogiese ontmoeting tussen opvoeder en opvoedeling sprake. Die gebruik van die Skool vir Blindes om egpare as huisouers aan te stel, hou besliste voordele vir die opvoedingswerk in die kos= huise in, en die pedagogiese voordele oorskry die besware wat moontlik teen sodanige prosedure ingebring kan word.

### 10.3.4 SKAKELING TUSSEN LEERLINGE EN HUL OUERS

Van die blinde leerlinge wat in 1970 aan die Skool vir Blindes te Worcester verbonde was, was 71 uit die Kaapprovinsie, 48 uit Trans= vaal, 13 uit die Oranje-Vrystaat, 5 uit Natal, 2 uit Suidwes-Afrika en 4 uit Mosambiek afkomstig. Alhoewel sommige leerlinge gedurende kort vakansies na hul ouerhuise gaan, gaan heelwat leer= linge slegs gedurende die langer winter- en somervakansies huis toe. Gedurende die kort vakansies word 'n vakansieprogram gereël of konserttoere onderneem. Gedurende die langer vakansies moet die koshuise egter ontruim word en as daar vir 'n besondere kind geen heenkome is nie, word vakansieverblyf deur die skool vir hom gereël.

Aan die Prinshofskool was 12 van die 16 braillekandidate wat in 1970 op skool was, residentskoliere. Hierdie 16 leerlinge was almal uit Transvaal afkomstig; 10 van hulle was van Pretoria en Johannesburg. Van die 12 residentskoliere het 6 elke naweek na hul ouerhuise gegaan, 3 elke tweede naweek en 3 een keer per maand

of minder gereeld.

Afgesien van besoeke aan hul ouerhuise, word skakeling deur mid=del van briefwisseling, telefoonoproepe en besoeke deur ouers aan die skool bewerkstellig. Daar word van leerlinge aan die Skool vir Blindes verwag om weekliks aan hul ouers te skryf en die huisouers stel die hoof in kennis as pos vanaf die ouerhuis on=gereeld is. Die hoof bring die saak dan onder die aandag van die betrokke ouers en wys hulle op die betekenis en noodsaaklikheid van gereelde skakeling met hul kinders (kyk bylae A, v. 9.9; Suid-Afrika, 1970b, pp. 24, 47 en 64).

Daar is op gewys dat sommige van die leerlinge aan die Skool vir Blindes te Worcester slegs tydens die twee langer vakansies by hulle ouers aan huis kuier. In die lig van die groof afstande wat baie kinders se ouerhuise van die skool verwyder is, is dié toedrag van sake deels te begrype. Waar kinders so selde by hul ouers aan huis kom, is die gevaar van gevoelsmatige verwydering tussen ouers en kind wesenlik. In hierdie verband word verwys na getuienis wat voor die Komitee van Ondersoek na die Uitbreiding van Onderwysgeriewe vir Blanke Blindes (1970b) afgelê is. 'n Vader het soos volg op die gevoelsmatige verwydering tussen hom en sy blinde dogter gewys: *"It takes days for her to feel that I am her father and with her mother too. She is over-polite and has not yet come out of her school environment. It takes time and gradually she begins to open up. My other children are very affectionate towards me but not this daughter. She is afraid to put her arms around me ... There is something intangible that is being lost and it is going to have an effect on this child when she grows up"* (pp. 118-119). Alhoewel sodanige verwydering nie noodwendig verteenwoordigend is van die verhouding tussen ouers en hul blinde kinders wat relatief selde by hulle aan huis kom nie, dui bostaande getuienis tog op 'n wesenlike gevaar wat doel=

bewus voorkom moet word.

### 10.3.5 SKAKELING TUSSEN DIE SKOOL EN DIE OUERS

Daar word op verskillende wyses deur die Skool vir Blindes en die Prinshofskool gepoog om skakeling met die ouers van leerlinge te bewerkstellig. Wat betref direkte skakeling tussen die skool en die ouers is die situasie aan die Prinshofskool bevredigend, aan= gesien die ouerhuise van die meerderheid van die kinders nie beson= der ver van die skool geleë is nie, met die gevolg dat personeel en ouers maklik met mekaar in aanraking kan kom.

Aan die Skool vir Blindes is die situasie nie so gunstig nie, aangesien daar heelwat minder geleentheid vir die hoof en perso= neel is om ouers persoonlik te ontmoet. Skakeling geskied egter wel by wyse van jaarlikse ouerkonferensies, ouer-personeelverga= derings wat twee keer per jaar belê word en waarby hoofsaaklik ouers in die onmiddellike omgewing van die skool betrek word, as= ook besoeke van die ouers aan die skool. Die eerste ouerkonferen= sie van die Skool vir Blindes is gedurende Januarie 1971 gehou en ongeveer 80 ouers het dit bygewoon. Verdere persoonlike skakeling wat met ouers plaasvind, word bewerkstellig wanneer die hoof van die skool groter sentra besoek en dan daar vergaderings belê om ouers te ontmoet. Die groot afstande wat heelwat van die ouer= huise van die Skool vir Blindes te Worcester verwyderd is, lê skakeling egter wel aan bande en met sommige ouers vind weinig of geen persoonlike skakeling plaas nie (kyk bylae A, v. 9.1 en 9.4).

## 10.4 ASPEKTE VAN DIE SITUASIE AAN RESIDENSIËLE SKOLE VIR BLINDES IN ENKELE OORSESE LANDE

### 10.4.1 DIE VERDELING TUSSEN RESIDENSIËLE EN DAGSKOLIERE

Die verdeling tussen resident- en dagskoliere in enkele skole vir blindes in België, Nederland, Duitsland en Italië vir die jaar 1972 word in tabel 10.2 weergegee.

TABEL 10.2*

DIE VERDELING TUSSEN RESIDENT- EN DAGSKOLIERE IN SKOLE VIR BLINDES IN ENKELE OORSESE LANDE IN 1972

| Lande en skole | Dag= skoliere | | Resident= skoliere | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | N | % | N | % | N | % |
| **België** | | | | | | |
| 1. Koninklijk Instituut voor Dove en Blinde Meisjes, Brussel | 18 | 34,0 | 35 | 66,0 | 53 | 100 |
| 2. Koninklijk Instituut voor Blinde en Gezichtszwakke Jongens, Brussel | 29 | 20,1 | 115 | 79,9 | 144 | 100 |
| 3. Koninklijk Instituut Sperma= li voor Blinde en Slecht= ziende Meisjes en Jongens, Brugge | 15 | 11,7 | 113 | 88,3 | 128 | 100 |
| **Nederland** | | | | | | |
| Bartiméus Christelijk Instituut voor Blinden en Slechtzienden, Zeist | 25 | 30,1 | 58 | 69,9 | 83 | 100 |
| **Duitsland** | | | | | | |
| Skool vir Blindes, Hannover | 20 | 9,5 | 190 | 90,5 | 210 | 100 |
| **Italië** | | | | | | |
| Scuola Statale di Metodo 'A Romangnoli per gli Educatori dei Ciechi, Rome | 55 | 31,4 | 120 | 68,6 | 175 | 100 |

*Gegewens verkry uit vraelys (kyk bylae B, v. 1.4).

Die persentasie residentskoliere in bogenoemde skole wissel tus= sen 66,0 en 90,5 persent. Volgens plaaslike onderwysowerhede in *Engeland en Wallis* was daar in Januarie 1971 1 207 blinde en 2 338 swaksiende kinders in hierdie lande. Van hierdie getal blinde kinders was 50 nog nie op skool nie. Sewe-en-negentig persent van die blinde kinders was residentskoliere. Afgesien van 6 Sunshine Home Nursery Schools, was daar 14 residensiële skole vir blindes in Engeland en Wallis en geen spesiale dagskole nie (Great Britain, 1972, pp. 6 en 34). Soos in die geval van skole vir blindes in die RSA, was blinde residentskoliere ook in hierdie lande ver in die meerderheid.

### 10.4.2 DIE SAAMGROEPERING VAN BLINDE EN SWAKSIENDE LEERLINGE IN DIESELFDE SKOLE EN KOSHUISE

Bogenoemde vier skole in België en Nederland (kyk tabel 10.2) maak vir sowel blinde as swaksiende leerlinge voorsiening. Van die veertien residensiële skole vir blindes in Engeland en Wallis maak slegs twee vir sowel blinde as swaksiende leerlinge voorsiening.

Die Vernonkomitee (1972) in Engeland wys op sowel voordele as na= dele van die saamgroepering van blinde en swaksiende leerlinge in dieselfde skole en koshuise. Die volgende *nadele* van sodanige praktyk word uitgesonder:

a. Die aanmoediging van swaksiende kinders om volle gebruik van hul gesigsvermoë te maak, mag in koshuise waar blinde en swak= siendes tuisgaan, agterweë bly.

b. Sommige ouers van swaksiende kinders maak beswaar teen die saamgroepering van hul kinders met blinde kinders weens die mate van negatiewe affektiewe klimaat wat deur die benaming "blind" geskep word.

c. Dit is vir swaksiende kinders 'n vertroosting dat hulle nie

blind is nie en hulle moet daarom nie saam met blindes ge=
huisves word nie.

d. Wat betref mobiliteit, bestaan die moontlikheid dat die blinde kind as gevolg van hulpverlening deur die swaksiende kind nie voldoende selfstandigheid sal bereik nie.

e. Die moontlikheid bestaan dat die totaal blinde kind as gevolg van saamgroepering verder geïsoleer kan word, aangesien braillekandidate met nog 'n mate van gesig, geneig is om eerder met swaksiende kinders as totaal blinde kinders te speel.

Voorts wys die Vernonkomitee op die volgende *voordele* van saam=
groepering:

a. Braillekandidate word in die geselskap van swaksiende kinders aangemoedig om soveel as moontlik van hul gesigsreste gebruik te maak, onder andere gedurende fisiese aktiwiteite.

b. Die saamgroepering van blinde en swaksiende kinders in dieself=
de skole en koshuise maak 'n wyere verspreiding van skole vir gesigsgestremdes moontlik en sodoende word meer leerlinge in die geleentheid gestel om skole as dagskoliere by te woon.

c. Die duplisering van noodsaaklike dienste en fasiliteite (by=
voorbeeld mediese en paramediese dienste, bandopnamediens en sport- en ontspanningsfasiliteite) word in 'n mate uitgeska=
kel (pp. 34 en 47).

In sowel die RSA (kyk 10.3.1) en oorsese lande is die saamgroepe=
ring of skeiding van blinde en swaksiende leerlinge - in besonder ook in die koshuise - 'n aspek waaraan aandag gegee word. Vanuit pedagogiese oogpunt beskou, is daar verantwoordbare argumente vir en teen die saamgroepering van blindes en swaksiendes in koshuise. Die mening word egter gehuldig dat dit moontlik is om die besware

teen saamgroepering uit te skakel en die voordele te behou deur doeltreffende organisatoriese maatreëls in dieselfde koshuis. Die voorwaarde is dat in die opvoedings- en onderrigprogram in die koshuis gedifferensieer sal word ten opsigte van die behoeftes van die blinde (byvoorbeeld wat betref mobiliteitsonderrig, self=standigheidsontplooiing en verantwoordelikheidsaanvaarding, en die sosiale inskakeling van die totaal blinde kind) en die swaksiende kind, en dat die voordele van saamgroepering behou sal word deur beplande geleenthede vir saamwees te bied.

### 10.4.3 KOSHUISPERSONEEL EN ONDERRIGPROGRAMME

#### 10.4.3.1 Voorsiening van koshuispersoneel

Aan skole vir blindes in België, Nederland, Duitsland en Engeland word vir spesiale koshuispersoneel voorsiening gemaak. Hierdie personeel bestaan uit koshuisouers, "opvoeders"*, ortopedagoë, groepleiers, matrones en residentkindersorgbeamptes. Aan die Koninklijk Instituut Spermali voor Blinde en Slechtziende Meisjes en Jongens te Brugge in *België* word koshuisleerlinge in groepe van ongeveer dieselfde ouderdom verdeel met die jongste kinders die kleinste groepie. Tien "opvoeders" is vir 128 leerlinge ver=antwoordelik. Aan die skool vir blindes te Hannover, *Duitsland*, wissel die getal kinders in elke koshuis van 24 tot 40 en vir on=geveer elke 12 leerlinge is daar 'n spesiale opgeleider "opvoeder". In *Engeland* was daar in 1968 244 heeltydse kindersorgpersoneellede aan 33** skole vir gesigsgestremdes verbonde (kyk bylae B, v. 1.8 en 1.9; Feyt, 1968; Great Britain, 1972, p. 99).

---

*Hiermee word bedoel mans en vrouens.

**Van hierdie skole het 12 vir blinde leerlinge, 19 vir swaksien=de leerlinge en 2 vir blinde sowel as swaksiende leerlinge voor=siening gemaak.

#### 10.4.3.2 Die opleiding van koshuispersoneel

In *België* moet "opvoeders" in koshuise oor een van die volgende kwalifikasies beskik: Die "Diploma van Opvoeder AI" wat as 'n kwalifikasie in "hoëre opvoedkunde" geklassifiseer word; die "Diploma Opvoedster of Kinderversorgster"; of 'n kwalifikasie as "Verpleegassistente". Aangesien daar in België geen statuut vir "opvoedende personeel" en geen salarisstruktuur bestaan nie, is die aanbod van "opvoedende personeel" teleurstellend.

Aan Bartiméus Christelijk Instituut voor Blinden en Slechtzienden te Zeist in *Nederland* word slegs persone wat in besit van 'n eindsertifikaat van 'n sekondêre skool is as "groepleiers" in die koshuise aangestel. Benewens die indiensopleiding wat groepleiers ontvang, volg hulle twee jaar lank, vir een dag per week, 'n spe= siale kursus in maatskaplike werk aan 'n tersiêre onderwysinrig= ting. Hierdie kursus sluit 'n studie van die volgende vakke en aangeleenthede in: Kindergesondheid, wetsbepalinge met betrekking tot die jeug, Algemene en Kinderpsigologie, Pedagogiek, groepwerk, menseverhoudinge en praktiese opleiding in ontspanningsvaardighede.

In *Engeland* kan die Certificate in the Residential Care of Chil= dren and Young People, of die Certificate of the National Nursery Examination Board verwerf word. Aan Condover Hall School het die Royal National Institute for the Blind 'n opleidingsbeampte aange= stel wat verantwoordelik is vir die indiensopleiding van alle huis= moeders en assistent-huismoeders aan die skool (kyk bylae B, v. 1.8 en 1.9; Great Britain, 1972, p. 99).

#### 10.4.3.3 Onderrigprogramme vir koshuisgangers

Onderrigprogramme in koshuise aan skole vir blindes in genoemde lande sluit onder andere die volgende aspekte in: Hulp aan leer= linge met betrekking tot persoonlike versorging, oriëntasie en

mobiliteit en die bemeestering van huishoudelike vaardighede. Voorts is koshuispersoneel ook verantwoordelik vir besieling en leiding ten aansien van deelname aan vryetydsaktiwiteite, siste= matiese selfstandigheidsonderrig en die inskakeling van toepas= like toetse met die oog op die evaluering van die algemene vorde= ring van leerlinge in die koshuis.

In die koshuise van die Bartiméus Instituut te Zeist word die be= meestering van onontbeerlike alledaagse vaardighede ("skills of daily living") in 'n spesifieke onderrigprogram aangebied. Die 87 vaardigheide wat in die program aangebied word, is in die vol= gende 7 kategorieë verdeel: eet, aantrek, persoonlike versorging, oriëntasie, kommunikasie, huishoudelike vaardighede en algemeen. Groepleiers moet elke ses maande aandui watter vordering deur die leerlinge gemaak is ten aansien van die verowering van hierdie 87 vaardighede wat doelbewus aan hulle geleer word. Voorts is daar ook 'n aanvullende program wat aan blinde skoolverlaters aange= bied word en wat gerig is op aspekte soos goeie menseverhoudinge, sosiale inskakeling, huishoudelike aangeleenthede en noodhulp (Heslinga, 1967, pp. 112-116).

### 10.4.4 SKAKELING TUSSEN BLINDE LEERLINGE EN HUL OUERS, ASOOK TUSSEN DIE SKOOL EN DIE OUERS

In sowel die kleuterskole as ander residensiële skole vir blindes in *Engeland* word groot waarde geheg aan noue skakeling tussen ouers en hul kinders. Getuienis voor die Vernonkomitee (1972) in Enge= land het laat blyk dat ongeveer 75 myl die maksimum afstand is wat 'n skool van die kind se ouerhuis verwyder kan wees om gereelde en voldoende skakeling moontlik te maak. Leerlinge word aangemoedig om indien moontlik elke naweek huis toe te gaan (pp. 34-35). Aan sommige skole vir blindes in Engeland word onderwyspersoneel,

asook maatskaplike werkers*, gebruik om skakeling tussen die skool en die ouers van voorskoolse sowel as skoolgaande blinde kinders te bewerkstellig en voorligting met betrekking tot die opvoeding en onderrig van hul kinders aan die ouers te verskaf (kyk 5.2.1.3 en 5.2.2).

Aan die volgende vier skole vir blindes in *België en Nederland*, naamlik die Koninklijk Instituut voor Blinde en Gezichtszwakke Jongens te Brussel, die Koninklijk Instituut voor Dove en Blinde Meisjes te Brussel, die Koninklijk Instituut Spermali te Brugge en die Bartiméus Instituut te Zeist, is gesamentlik 78,7 persent van die leerlinge in die koshuise gehuisves (kyk tabel 10.2). Die probleem van gereelde en persoonlike skakeling is in hierdie lande egter nie so groot as in die RSA nie, aangesien die skole nie sulke groot afstande van die ouerhuise geleë is nie. Aan die seunskool te Brussel gaan alle leerlinge byvoorbeeld elke naweek na hul ouerhuise. Hulle vertrek in die reël ongeveer vier=uur Vrydagmiddag en is Maandagoggend om nege-uur terug by die skool.

Aan verskeie skole bestaan 'n "sosiale diens" en maatskaplike werkers besoek die ouers aan huis en adviseer hulle aangaande die opvoeding en onderrig van hul kinders. Elke trimester word 'n ouervergadering by die seunskool vir blindes te Brussel belê en tussen 60 en 70 persent van die ouers is gewoonlik teenwoor=dig. Wat betref die skool te Zeist mag die ouers elke Maandag en Vrydag die skool besoek. Verder word daar een keer per jaar 'n byeenkoms gehou in elk van die provinsies waar ouers woon=agtig is waartydens die personeel en ouers mekaar ontmoet (kyk bylae B, v. 1.10).

---

*Hiermee word bedoel mans en vrouens.

## 10.5 SAMEVATTING

Tussen die *koshuis as daargestelde opvoedingsmilieu* en die huis=gesin as oorspronklike opvoedingsmilieu is daar basiese verskille. Hoe liefdevol en deskundig onderlê die "plaasvervangende ouer" in die koshuis ookal is, kan hy beswaarlik ten volle vir die gemis aan ouerlike koestering vergoed. Veral ook omdat die verhouding tussen "plaasvervangende ouer" en kind 'n opsegbare relasie is. In die koshuis as opvoedingsmilieu moet dan gepoog word om aan die volgende beginsels gestalte te gee:

a. Die blinde koshuisganger moet erken word as 'n kind met 'n gesinsverband.

b. Gesagsleiding moet nie bloot outoritêr wees nie, wat gesags=aanvaarding moontlik sal maak.

c. Gedifferensieerde opvoedingshandeling moet in die lig van kennis van elke indiwiduele kind geskied.

d. Die vormende waarde van opvoeding deur identifikasie moet tot sy reg kom.

e. Die verwagting wat deur die "plaasvervangende ouer" van die kind gekoester word, moet deur liefde en begrip getemper word.

f. Koshuisouers of opvoeders moet vir 'n redelike klein groepie kinders opvoedingsverantwoordelikheid aanvaar.

g. Daar moet gewaak word teen die wesenlike gevaar van die isolement van die blinde koshuisganger.

Soos in die geval van skole vir blindes in die RSA, is die oorgro=te meerderheid van die leerlinge aan skole vir blindes in Enge=land, Wallis, Nederland, België, Duitsland en Italië *resident=skoliere*. Die Skool vir Blindes te Worcester volg reeds jare lank 'n beleid van desentralisasie van koshuise ten einde *kleiner huisgroepe* te verseker. Die aantal swaksiende en blinde leerlinge

per koshuis het in 1974 tussen 15 en 33 gewissel.

In die RSA sowel as in oorsese lande word aandag gegee aan die raadsaamheid daarvan om *blinde en swaksiende leerlinge in die=selfde koshuise* te huisves. Sodanige praktyk hou sowel sekere voordele as nadele in. In die lig van die gestelde voor- en na=dele is tot die slotsom gekom dat dit moontlik is om die besware teen saamgroepering uit te skakel en die voordele te behou deur doeltreffende organisatoriese maatreëls in dieselfde koshuis.

Om voldoende opgeleide koshuispersoneel te bekom, blyk reeds et=like jare aan die Skool vir Blindes 'n probleem te wees. In kos=huise aan skole vir blindes in Engeland, België, Nederland en Duitsland word vir spesiale opgeleide opvoedende en kindersorg=personeel voorsiening gemaak. Die *onderrigprogram* wat in koshui=se aan skole vir blindes in genoemde lande aangebied word, sluit onder andere die volgende aspekte in: Hulpverlening met betrek=king tot persoonlike versorging, oriëntasie en mobiliteit, die bemeestering van huishoudelike vaardighede, deelname aan vrye=tydsaktiwiteite en selfstandigheidsbeoefening.

As gevolg van die groot afstande wat baie ouerhuise van die Skool vir Blindes te Worcester geleë is, blyk voldoende *skakeling* tussen die ouers en hul kinders, asook die ouers en die skool, 'n wesen=like probleem te wees. Sommige blinde kinders kuier dan ook slegs gedurende die twee langer vakansies by hul ouers aan huis. As ge=volg van die kleiner afstande wat ouerhuise van skole vir blindes in genoemde oorsese lande geleë is, is baie kinders in die geleent=heid om elke naweek by hulle ouers aan huis te wees. Voorts be=skik van hierdie skole oor personeel ('n "sosiale diens") wat ouers aan huis besoek en hulle aangaande die opvoeding en onderrig van hul blinde kinders adviseer.